

15 APRIL

SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 4:14-5:10  
FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 5:7

**Vir Jesus was dit net so nodig om te bid as vir ons**

Daar is sommige dinge wat Jesus gedoen het, wat vir ons nogal moeilik is om te verstaan. Een daarvan is sy gebedslewe. Ons voel dat dit tog seker nie vir Hom nodig was om te bid nie. Hy is tog immers self God en het gesê dat Hy en die Vader een is. Hy kan tog seker nie tot Homself bid nie, kan Hy? Natuurlik nie! Dit is hier waar die verhouding tussen Christus se godheid en mensheid duidelik onderskei moet word. Ons belydenis sê baie mooi dat die twee nature onvermengd en onveranderd, ongedeel en ongeskeie is. Dit beteken dat Hy só volledig mens was, dat Hy deel gehad het aan al ons behoeftes – ook die behoefte aan gebed.

Hebreërs praat hier van sy gebede en smekinge wat Hy met harde geroep en trane gebring het. Vir wie almal? Vir Homself in Getsemane toe die angs van die dood wat op Hom gewag het, Hom oorval het (Luk. 22:42): “Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van my af weg.” Ook vir sy dissipels het hy kort tevore in sy hoëpriesterlike gebed gebid (Joh. 17:11): “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam ...” Verder het Hy ook vir alle gelowiges in hierdie wonderlike gebed gebid (Joh. 17:20): “Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.” Laastens het Hy ook vir sy vyande gebid (Luk. 23:34): “Vader, vergeef hulle, want hulle weet wat hulle doen nie”. So het Hy ook daardie deel van ‘n hoëpriester se werk volbring.

*Sing: Psalm 86:1*

*Ds Jan du Preez (Empangeni)*